

Oktober

Gebed in die aangesig van dreigemente

'n Gemeente bid:

“Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: ‘Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê: Waarom het heidennasies te kere gegaan, en het volke sinlose planne beraam? Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en teen sy Gesalfde.

Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is, en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het.

En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.’”
(Hand. 4:24-30)

Donderdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Rigters 10:6 – 11:26

Fokusgedeelte: Rigters 10:16

Die Here vra bekering

In hierdie gedeelte het ons met 'n keerpunt in die boek Rigters te doen. Tot dusver het die ver bondsvolk van die Here weggedwaal en dan het Hy hulle weer gered as hulle na Hom geroep het.

Nou het die volk egter sewevoudig (volledig) afvallig geraak. Hulle het die Baäls, Astartes, gode van Sidon, gode van die Arameërs, dié van die Moabiete, Ammoniete en Filistyne gedien. Enige ander god is bo die Here verkies! Daarom gee die Here hulle oor in die hande van die Ammoniete en die Filistyne. Dan lees 'n mens die verskriklike woorde: “Van toe af het die Amoriete die Israeliete in Gilead agtien jaar verdruk en mishandel.”

Hou ons swaarkry in hierdie land nie verband met ons afvalligheid nie? En dan bekeer Israel hulle so maklik weer! Hulle bely selfs hulle sonde. Hulle harte was egter nog ver van die Here af. Daarom wys Hy hulle op die sewe keer wat Hy hulle in die verlede verlos het. Hy het hulle volledig verlos, maar hulle beantwoord sy verlossingswerk met volledige afvalligheid. Die Here sê Hy wil hulle nie meer verlos nie: “Gaan roep tot die gode wat deur julle gekies is. Laat hulle julle red noudat julle swaarkry.”

Dan eers kom hulle by ware sondebelydenis en ware bekering. Dan eers verwyder hulle die ander gode tussen hulle uit en dien weer die Here. Hy maak 'n end aan hulle swaarkry, maar Israel het nog steeds nie volledig na die Here teruggekeer nie. Hulle soek nie die Here se heerskappy nie. Hulle soek nog 'n aardse koning. Dan stuur die Here vir Jefta – 'n rigter wat hulle geestelike bankrotskap vir hulle sal uitbeeld en sodoende sal aantoon dat Christus die enigste ware Verlosser kan wees.

Sing: Psalm 51:2

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)

Vrydag 2 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Samuel 15:23-29

Fokusgedeelte: 2 Samuel 15:27, 28

Sadok – Sê wat jy sien

Die priester Sadok (*regverdig*) uit die geslag van Levi (1 Kron. 6:8) is een van Dawid se getroue volgelinge.

'n Krisis breek in Jerusalem uit. Dawid se seun Absalom pleeg paleisrevolusie. Dawid besluit om te vlug. Die wettige koning, die man na God se hart, kies koers na die Jordaan. Op pad uit Jerusalem be-treure menige inwoner van Jerusalem die hartseer verloop van sake. Die hele land (stad) het hardop gehuil (vs 23).

By die uitgang van Jerusalem staan die priester Sadok en al die Le-viete, mét die verbondsark van God. Hulle wil saam met Dawid vlug. Hulle redeneer: die ark van God hoort by die wettige koning.

Dawid se reaksie hierop is merkwaardig. Hy bind die ark nie aan hom nie, maar hy verbind sy toekoms aan die ark. Die ark sal nie gaan waar hy gaan nie, maar hy sal gaan waar die Here hom stuur. Intussen moet die ark op sy regmatige plek teruggesit word. Dit mag nie weer wees soos in die dae van Hofni en Pinehas toe die ark vir die selfsug-tige doel van die volk misbruik is nie (1 Sam. 4).

Daarmee saam kry priester Sadok 'n opdrag. “U is 'n siener” (OAV). Dit beteken: “Jy sien hoe sake in Jerusalem verloop” (NAV). Dit word jou opdrag om alles wat God laat gebeur, aan my bekend te maak. Jy en jou seun word boodskappers van God se werke. Julle moet my op hoogte hou van dit wat die Here gaan doen.

Sadok het gehoorsaam op koning Dawid se bevel gereageer. Hy en Abjatar het die ark van God na Jerusalem teruggebring waar dit hoort. Daar het hulle gebly en hulle priesterdiens verrig. Van daar het hulle boodskappe na Dawid gestuur om die vlugtende koning op hoogte te hou van alles wat in Jerusalem gebeur.

Geen enkele woord van dit wat Sadok gesê het, staan in die Skrif opgeteken nie. Tog moes hy baie gesê het. Nie alle kinders van God is sprekers op podiums en agter kateders nie, mense wie se woorde iewers gepubliseer word nie. Tog word almal geroep om oor die groot werke van God deur Christus, in die lewe van sy kinders te praat. Hou aan daarmee: in die gesin, teenoor die kinders, met jou eggenoot,

saam met jou vriende. Sê wat jy in die Bybel lees van God se goedheid en wat jy oral daarvan sien.

Sing: Psalm 145:3 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Saterdag 3 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 1:57-66

Fokusgedeelte: Lukas 1:64

Salaria – Stomgeslaan

Wie sal nie met stomheid geslaan word as 'n engel van God aan hom verskyn nie? Salaria (*die Here was gedagtig*) was nie met stomheid geslaan nie. Hy het wel geskrik toe hy Gabriël daar by die altaar in die tempel sien staan. Hy het ook baie bang geword. Hy het egter nie sy spraak verloor nie, nie op dáárdie oomblik nie.

Salaria was, saam met sy vrou Elisabeth, Godvresende mense. Hulle het onberispelik voor die Here gewandel (Luk. 1:6). Een ding het hulle gemis: kinders. Die pynlike saak van kinderloosheid kom aan die orde as dit Salaria se beurt is om die reukoffer voor die Here te berei. Soveel keer het hy en Elisabeth vir kinderseën gebid. Op hierdie groot, maar totaal onverwagse oomblik word die gebede verhoor. Die verhooring gaan nie net vir hulle twee betekenis hê nie, maar vir die hele Israel. Die kind wat gebore word, sal die Wegbereider vir die Messias word. Gabriël spel dit vir Salaria uit.

Vir die gelowige priester Salaria is die boodskap van die engel een te veel. Hy neem Gabriël onder kruisverhoor (Luk. 1:18). Per implikasie trek hy God se woord in twyfel. Die gevolg is: hy word met stomheid geslaan. Hy sal nie kan praat totdat God se belofte werklikheid geword het en hy dit geglo het nie.

Salaria se stomheid is 'n pynlike tugtiging. Hy word verplig om die evangelie van verlossing in hom rond te dra sonder om daarvoor te praat. Sy ongelof in God se Woord dwing hom tot diep nadenke. Sy vrou Elisabeth deel in sy tugtiging. As sy, wonder bo wonder, op haar hoë leeftyd swanger word ooreenkomstig die belofte van God, steek sy haar swangerskap vir vyf maande lank weg.

Eers as Johannes gebore word, word die stilswye gebreek. As die seuntjie sy naam moet kry, kom die inkeer van Salaria helder na vore. Daar word nog geskryf: Johannes is sy naam. En onmiddellik is sy mond geopen. Ongelof maak plek vir geloof. Salaria kan weer praat. Salaria sing 'n loflied.

Met hoeveel stomheid word ons soms nie geslaan vanweë ons kleingelof en ongelof en geringskatting van God se groot werke nie. Hoe minder ons praat, hoe stiller word die swye.

Moenie dat die stene op die strate begin praat nie. God laat Hom nie verswyg nie.

Sing: Psalm 149:2 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)

Sondag 4 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Habakuk 1:12-17

Hoe kan U, Here?

As Habakuk verneem dat die Galdeërs gebruik gaan word om Juda te straf, is hy diep teleurgesteld. Hoe kan dit? Hoe kan die Here sulke bose mense as tugroede gebruik? Ronduit verklaar hy teenoor die Here: *"U is my heilige God"* (vs 12); *"U oë is te rein om waar te neem hoe slegte mense (die Galdeërs) die vernietig wat beter is as hulle"* (u volk) (vs 13).

Habakuk huiwer nie om die Here op die skrikwekkende gevolge van sy plan te wys nie: *"Die Galdeërs vang mense met hoeke, trek hulle vas in nette ... en juig en jubel oor die vang"* (vs 15). Here, hoe kan U ons oorgee aan hierdie *"sondige nasie vir wie sy eie mag sy god is"* (vs 11)?

Ons redeneer ook so: Ja, ons is sondig, sleg en verdien tug, maar tog net nie deur die hand van ongelowiges en spotters nie? Het God nie 'n beter plan nie?

Hoofstuk 2 gee hieroor meer insig. Intussen moet ons vashou aan die goedheid en liefde van God. Sal die Vader wat sy eie Seun laat sterf het om ons te red, dan nie omgee nie? Ons weet: God faal ons nooit, dis ons wat nie altyd verstaan nie.

Ons mag vrae vra, maar met die bereidheid om te luister en God se antwoorde te aanvaar. Dis presies wat Habakuk gedoen het.

Sing: Psalm 75:1, 6

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Maandag 5 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Habakuk 2:1-20

Dis hoe God reg handhaaf

Habakuk weet dat ons soms op God se antwoorde moet wag. Hy gaan daagliks na sy gewone bid- en uitkykplek. Habakuk weet: Hier sal God na hom kom op die regte tyd. God se tyd is ook vir ons die regte tyd om die Woord te ontvang.

Habakuk vertel hoe die Woord ons kan ruk: *“Ek het gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan”* (3:16). Wie sidder nie as God naby ons kom nie? Tog vind hy dadelik ook vrede: God is in beheer.

In opdrag van die Here skryf hy die Godswoord op kleitablette sodat verbygangers dit kan lees. Hier is die kern: *Die oordeel van die Here kom beslis oor die sondige volk, en dit kom spoedig. Daar is egter hoop: Wie reg doen en getrou bly aan die Here en sy wet, sal lewe.* God sal die opregtes dra en beskerm. Dis 'n belofte. Op hierdie wyse handhaaf God die reg van syne.

Verder kondig die Here aan hoe Hy die verwaande Galdeërs gaan straf. God weet reeds vooruit wat hulle gaan doen en kondig reeds vyf oordele aan (kyk vs 6, 9, 12, 15 en 19).

Niemand kom met onreg weg nie. Ook hulle wat God se straf uitdeel, moet boet vir hulle onreg. Wees gerus, ons Here sorg vir regs-handhawing. Hy doen dit deur sy knegte op aarde, maar Hy doen dit ook self regstreeks uit die hemel deur Christus, die Koning van alle konings.

Sing: Psalm 75:3, 4

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Dinsdag 6 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19

Fokusgedeelte: Habakuk 3:17-19

Wees altyd bly in die Here!

Wat is Habakuk se slotsom? Wat is die sin en geheim van die geskiedenis? Wat leer ons uit Israel se verlede en die geskiedenis van die heelal?

Sy nadenke stem hom eers droewig. Dit laat hom 'n klaaglied dig (vs 1). Inderdaad: Hoe dikwels het die Here nie sy almag, grootheid en goedheid aan die mensdom geopenbaar nie? “Die hemelruim is elke dag vol van sy majesteit” (vs 3). Tog buig die mens nie voor God en sy Woord nie. Hulle doen wat hulle wil. Hulle word selfs so blind en doof dat hulle nie God se hand in die natuur en geskiedenis sien nie.

Habakuk bid in sy klaaglied dat God Hom steeds as die Almagtige sal betoon. Hy vra dat God in sy regshandhawing en genade sal bly handel soos in die verlede. Dan sal daar vir die kerk en die wêreld 'n toekoms wees.

Wanneer hy dan so luister na sy eie klaaglied, wat eintlik 'n lied van die Heilige Gees is, breek 'n nuwe verwagting deur. Al gaan vreeslike dinge gebeur, word ons in God gered en lewe ons. Só eindig Habakuk se profesie in 'n pragtige loflied (vs 17-19).

Ons ken almal hierdie wonderlike lied: Al sal die ergste gebeur, *“nogtans sal ek in die Here jubel. Ek sal juig in God, my Redder. Die Here laat my soos 'n ribbok op hoë en gevaarlike plekke loop sonder dat ek val”*.

Wees altyd bly in die Here!

Sing: Psalm 18:14

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)

Woensdag 7 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 1:1-6, 15-17

Fokusgedeelte: Matteus 1:5

Salmon – God orden sy volk

Salmon? Net nog 'n naam in Christus se geslagsregister. Getroud met Ragab; vader van Boas. Verder is hy onbekend.

Waarom soveel geslagsregisters? Meer as 50 in die Ou Testament? So het God sy volk georden. Elke stam, familie op sy eie plek. Met die intog; ná die ballingskap – Esra 2:62. Josef en Maria, almal gaan vir registrasie na waar hulle voorgeslagte vandaan kom.

Ook Paulus lê sy afkoms uit. Matteus, wat vir Jode skryf, sou hulle moeilik van 'n Koning kon oortuig sonder om sy afkoms te gee.

Die lyste wys hoe ordelik God werk. By Matteus drie reekse van 14, dus 42. God het ons iets van sy rekenkunde geleer: $42 = 7 \times 6$. Sou 7 staan vir die Seun van God, en 6 vir die Seun van die mens wat Hy deur soveel geslagte berei het?

Sou Hy nie steeds met eweveel orde en presisie in óns lewens inwerk nie? Ons is immers ook deel van 'n lys – van hulle ter wille van wie Christus gestuur is. Van die versoendes wie se name eendag met die wederkoms uitgelees gaan word. Wat 'n ontsaglike troos!

Daar straal selfs méér troos uit die geslagsregisters. Dit is dat God gewone mense, onbekendes, kies. Dat Hy groot *sondaars* gekies en deur sy Gees berei het. Dink aan sy lang pad met Abraham, en hoe Dawid sy hart eers moes skeur. Dink aan vier vroue wat genoem word: Tamar, een dag 'n straatvrou; Ragab, voltyds 'n straatvrou; Rut, uit die volk deur bloedskande verwek en deur God vervloek (Deut. 23:3); Batseba wat só gebad het dat dit tot owerspel gelei het – en *moord*. Uit Salmon (donker) se nageslag word die Lig vir die wêreld gebore.

God se genade is groot. Hy sien selfs vir my kans. Hy orden ook my lewe presies!

Sing: Psalm 145:3, 10

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)

Donderdag 8 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 20:17-28; 27:56

Fokusgedeelte: Matteus 20:21 (OAV/NAV)

Salome – Navolging bring lyding

“Salome” is ’n pragtige naam vir ’n pragtige mens. Dit beteken “vrede”. Sy het Christus met oorgawe gedien en enduit gevolg. Dit moes ’n salige wete gewees het dat Hy nie een nie, maar twee van haar seuns tot dissipels geroep het, dat hulle selfs lieflingsdissipels geword het. Is haar vraag dus vreemd?

Tydens daardie laaste reis om in Jerusalem te sterf, het Jesus die laaste afronding oor sy komende lyde en koninkryk gegee. Hoe nodig dit was, wys hoofstuk 18 se begin. Ná drie jaar stry sy dissipels steeds oor wie die vernaamste was, al loop dit soos ’n refrein deur die Woord dat God hoogmoediges weerstaan, maar sy genade aan nederiges gee. Al het Jesus geleer dat dit in sy koninkryk nie oor eerste, hoogste, vernaamste gaan nie. Hy het dit ook eenkeer geïllustreer deur soos ’n slaaf hulle voete te was en vir die ryk jongman (hfst. 19) te sê om eers sy hart van sy besittings af te trek voor Hy Hom kon volg. Later het Hy met Paulus die lang pad met die doring geloop om hom te bring tot “as ek swak is, dan is ek sterk”.

Tydens die reis vra Salome van Jesus vir haar seuns die vernaamste plekke in sy koninkryk. Sy antwoord beklemtoon dat navolging van Hom juis geringheid, lyding meebring. Ook vir Salome se seuns. Jakobus sou die eerste dissipels wees wat die marteldood sterf. Johannes sou laaste ly – as gevangene op Patmos.

Natuurlik behels opvoeding dat kinders hulle gewes en talente ten beste ontwikkel en na die beste in God se koninkryk sal streef. Nooit egter vir eie bevoordeling nie. Die genade van Christus is só groot dat dit die mens se verstand ver te bowe gaan.

Sing: Psalm 138:2, 3

Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)

Vrydag 9 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Rigters 11:29 – 12:15

Die mens wik, maar God beskik

Reeds by sowel Gideon as sy seun Abimelek het die verbondsvolk van God probeer om 'n aardse koning te kry. Wanneer die mense vir Jefta nader om hulle te lei, is hierdie denkrigting nog steeds daar. Jefta self het ook die begeerte gehad om koning van die volk van die Here te wees.

Die feit dat hy 'n gelofte aflê om na sy oorwinning oor die Ammoniete die eerste wat hom uit sy huis (by die deur uit) tegemoet kom as offer aan die Here sal wy, wys dat hy 'n nuwe lewe onder die seënende hand van die Here soek. (Die deur van 'n huis en die nuwe lewe wat deur geboorte ontstaan, het in die Israelitiese kultuur albei op die koms van nuwe lewe gedui.) Sara het by die deur van haar tent gestaan toe sy gehoor het sy sal 'n kind kry. Samuel se ma Hanna het by die tempel se deur gestaan (vgl. ook 2 Kon. 4:15.) Omgekeerd hoor Eli uit die mond van Samuel, wat in die deur staan, dat God sy seuns gaan laat sterf (1 Sam. 5:15 ev; ook 1 Kon. 14:6 ev.).

Die feit dat die Israeliete bloed aan die deurkosyne moes smeer en die dood van die Egiptenare se eersgeborenes wys in dieselfde rigting. Dit gaan oor wedergeboorte, nuwe lewe wat God skenk. Om die eerste wat gebore word, of uit die huis kom, te offer, beteken dan dat jou huis of jou koningskap bevestig word. Jefta wou koning wees.

Jefta het waarskynlik gedink dat 'n slaaf uit sy huis eerste na hom sou kom, maar toe laat die Here sy dogter uitkom! Sy moet nou geoffer word! Dit was vir haar en Jefta baie swaar, want sy moes vir die res van haar lewe ongetroud bly en diens by die tabernakel doen (vgl. Eks. 38:8; 2 Sam. 22:2; 1 Tim. 5:1-16). Jefta het net dié een kind gehad. Sy moes nou vir die Here werk. Hy en sy “nageslag” sou nie 'n koningshuis kon vestig nie.

Wat wil ons op hierdie aarde vestig? Ons eie koninkryke of staan ons met ons hele lewe onder ons Koning Jesus Christus se heerskappy?

Sing: Psalm 45:1, 9, 10

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)

Saterdag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Rigters 13

Fokusgedeelte: Rigters 13:3-5

Simson – Die Here verwag van ons volkome toewyding

Die Here verwag van Israel volgehoue toewyding. Hulle was egter van nature sondaars, net soos ons vandag. Hy gee toe die nasireër as voorbeeld van toewyding vir die volk. Die Hebreeuse woord “nazir” beteken om afgesonder te wees.

Simson was soos Samuel en Johannes die Doper ’n permanente nasireër. Volgens Numeri 6:1-21 moes ’n nasireër aan bepaalde ver-eistes voldoen. Hy mag niks van die wingerdstok eet of drink nie. Wyn was die simbool van ’n sabbatsrus en dus ’n herstelde verhouding met die Here. (Vgl. Noag plant ’n wingerd; die volk is God se wingerd in Jes. 5; Jesus is die ware wingerdstok; wyn by die nagmaal.)

Die nasireër se hare is sy “nazir” genoem. Dieselfde woord is ook deur die Israëliete vir die ongesnoeide wingerd van die sabbatsjaar gebruik. So is albei, die hare sowel as die wingerd wat wild groei, simbole van volkome toewyding aan die Here. Die nasireër moes ook nie met ’n dooie in aanraking kom nie. Dood is die vloek as gevolg van die sonde.

Simson is enersyds aan God gewy, maar andersyds verpersoonlik hy die volk wat afdwaal en hulleself met die heidene ontheilig. Jesus Christus moes kom. Hy moes in volle toewyding kom lewe.

Uit onself kan ons nie in toewyding aan God lewe nie. Ons moet in Christus lewe. Met die nagmaalwyn bevestig ons hierdie eenheid met Christus en met mekaar as mense wat in volle toewyding aan God lewe.

Sing: Psalm 23:1, 3

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)

Sondag 11 Oktober

Skrifgedeelte: Rigters 14 en 15

Fokusgedeelte: Rigters 14:4

Die Here se genade en oordeel

In die persoon van Simson stuur die Here 'n redder na sowel sy eie volk as na die heidene. Simson, die simbool van toewyding aan die Here, wil met 'n Filistynse meisie gaan trou. Op pad val 'n leeu hom en sy ouers aan. Die leeu was die simbool van die Filistyne se beskermgod. Die goddeloosheid bied weerstand teen God se lig. Simson se naam beteken "soos die son". Die Here wys dat toewyding aan Hom sterker is as heidense weerstand.

Wanneer Simson op pad is na sy troue, haal hy heuning uit die leeu se karkas. Hy maak 'n raaisel daarvan. Blykbaar was die antwoord op 'n raaisel die manier hoe jy by die "leeubeskermgod" van die Filistyne moes verbykom. Nou is die bordjies verhang. Die Filistyne moes by die leeu van God uit die stam van Dan verbykom (vgl. Deut. 33:22).

Die Filistyne gebruik Simson se bruid om die oplossing vir die raaisel te kry. Sy moes as bruid haar aan haar bruidegom toewy, maar sy laat haarself deur die heidendom wegtrek! Sy verloën haar redder.

Die kerk mag nie toelaat dat die goddelose wêreld haar verlei nie. Sy moet haar redding in haar Bruidegom, Jesus Christus, vind.

Wat is die raaisel en die antwoord? Wat is soeter as heuning? Natuurlik is dit God se Woord! Wat is sterker as 'n leeu? Natuurlik is dit God se leeu, Simson, maar uiteindelik Jesus Christus, die leeu uit die stam van Juda.

Sing: Psalm 36:1, 2

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)

Maandag 12 Oktober

Skrifgedeelte: Nehemia 6:1-14

Fokusgedeelte: Nehemia 6:14

God voorsien, en vyande soos Sanballat verander niks daaraan nie

Sanballat was 'n invloedryke man en besonder gevaarlik vir die Judeërs. Hy het ook sterk bande met Israel gehad. Die projek van Nehemia om die mure van Jerusalem te herbou, het Sanballat woedend gehad. Tog was hy magteloos, want Nehemia het die toestemming van koning Artasasta gehad.

Sanballat het toe eers smalend teen die Judeërs opgetree en met hulle die spot gedryf (4:2). 'n Geestelike oorlogvoering – hulle sal dit tog nie kan regkry om die muur om Jerusalem te herbou nie. Ons lees egter dat die teendeel plaasgevind het. Die Judeërs het met hulle harte gebou (4:6), want hulle het geweet dit is die Here se opdrag en sy wil.

Sanballat verander sy strategie, en probeer eers vir Nehemia onder valse voorwendsels vir 'n vergadering by Kefirim betrek, maar sonder sukses. Nehemia sien dwarsdeur sy plan. Daarna versprei hy vals gerugte oor Nehemia dat Nehemia 'n opstand teen die koning beplan, maar ook daaraan steur Nehemia hom nie, aangesien hy weet dat dit leuens is. Dit alles maak dat Nehemia meer en meer sy krag by die Here soek, want hy bid: “Sterk tog my hande, o God!” (vs 9).

Met die laaste aanval van Sanballat waarvan ons in dié gedeelte lees, koop hy vir Semaja – 'n vals profeet – om, om te probeer om Nehemia te kry om vir beskerming na die tempel toe te vlug. Daarmee sou Nehemia 'n godsdienstige oortreding begaan en hom die woede van die godsdiensteleiers op die hals haal. Hy was nie 'n priester of 'n Leviet wat sommer net by die tempel kon ingaan nie. So het die vyand probeer om met listige planne Nehemia uit te haal, sodat die muur om Jerusalem nie herbou kon word nie.

Nehemia het voortdurend by God sy krag gesoek in afhanklikheid en die Here het hom tydens al hierdie aanvalle van die vyande staande gehou.

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. E (Emile) Naudé (Eden)

Dinsdag 13 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 19:1-19

Fokusgedeelte: 2 Konings 19:6

Sanherib – Vertrou op die Here, want Hy is in beheer

Die groot gebeurtenis in die dae van Hiskia was die aanval van die Assiriese koning Sanherib op Jerusalem. Hierdie aanval was te wagte, want Sanherib was met 'n geweldige magsuitbreiding van die Assiriese Ryk besig.

Hiskia, die koning van Juda, het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het op die Here vertrou en as reformator opgetree deur die tempel en die erediens te herstel. Ook het hy die verbond met die Here hernuwe en is die pasga weer gevier.

Nou kom Sanherib egter met hierdie aanvalle op Juda en 'n mens wonder: Hoe gebeur dit nou? Hiskia is dan so getrou teenoor God? Dit is egter nie waarop hierdie verhaal fokus nie. God het belowe en Hy is getrou aan sy belofte, ten spyte van mense soos Sanherib. Sanherib, in sy grootheidswaan, het nie respek vir die God van Juda nie. Hy laat Hiskia weet: “Moet tog nie die fout maak om op die Here te vertrou nie. Al die ander volke rondom julle het op hulle gode vertrou en dit het niks gehelp nie. Hulle het almal die onderspit gedelf.”

Hiskia neem die briewe wat Sanherib aan hom gestuur het na die huis van die Here, en hy lê dit voor die Here en doen 'n ernstige gebed. Die Here praat deur Jesaja en sê vir Hiskia dat hy nie moet bang wees nie. Hy gaan Sanherib onrustig maak en laat teruggaan na sy eie land waar hy doodgemaak gaan word. Vertrou net op die Here. Dit het dan net so gebeur, en Jerusalem is van die Assiriese koning Sanherib verlos.

Sing: Psalm 125:1-3

Ds. E (Emile) Naudé (Eden)

Woensdag 14 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 21:1-7 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Genesis 21:6

Sara – Ons Verbondsgod is die Grootste Werklikheid in ons lewe!

Die Here vertel ons in Genesis van twee keer dat Sara (*vorstin*) gelag het. Die eerste keer het sy by die tent se opening weggekruip en gelag oor die Here se belofte van 'n kind (Gen. 18:12.) Sara het later ontken dat sy gelag het. Die tweede keer het sy openlik gelag en ander as't ware uitgenooi om saam met haar te lag (Gen. 21:6.) Wat kan ons hieruit leer?

Die eerste keer dat sy gelag het, was die “werklikheid van die lewe” vir Sara sterker en groter as die werklikheid van die Here se verbondsbelofte. Sy het gedink dat sy te oud was om 'n kind te kon hê. Die Here het Sara verander deur haar geloof weer te versterk. Deur geloof in God dat Hy sy verbondsbelofte sou nakom, het Sara weer die vermoë ontvang om 'n kind in die wêreld te bring (Heb. 11:11.)

Na verloop van tyd is Abraham en Sara se baba gebore. Abraham en Sara het hulle seun Isak genoem. Isak beteken “hy lag”. Hierdie keer het Sara met 'n heeltelmal nuwe gesindheid gelag. Sy het van blydschap oor die Here se verbondsgenade gelag en sy was bly dat ander saam met haar sou lag.

Hoe dikwels lyk die werklikheid van hierdie gebroke lewe vir ons nie ook groter en sterker as God se beloftes van genade nie. My menslike swakheid en sonde lyk dikwels onoorkomelik. Ernstige siekte of een of ander groot krisis maak 'n mens dikwels moedeloos en selfs kleingelwig.

Daardie Vrydag op Golgota het alles ook verlore gelyk. Die Verlosser het aan die kruis gehang. Maar ... juis aan die kruis het God sy verbondsbelofte waar gemaak! Jesus het my verlos en God se genadekind gemaak. Die Heilige Gees gee aan my 'n gelowige hart wat op God vertrou en 'n gelowige oog wat Hom raaksien wanneer die lewe vir my donker lyk. Deur die Gees leef ek met geloof in ons Verbondsgod.

Deur die Gees wag ek gelowig op God om al sy verbondsbeloftes volmaak waar te maak wanneer Jesus Christus weer kom!

Sing: Psalm 105:1, 5 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)

Donderdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Samuel 15:17-29

Fokusgedeelte: 1samuel 15:22, 23

Saul – Die doodloopstraat van weerspannigheid en eiewilligheid ... en die Enigste Ontvlugting daarvan

Die Here het Saul (*hy wat afgebied is*) opdrag gegee om alles en almal in Amalek in 'n oorlog om die lewe te bring. Hierdie opdrag was die Here se oordeel oor Amalek (Eks. 17:16.) Saul het koning Agag en die beste kleinvee en beeste uitgehou om te offer. Samuel het Saul te reggewys dat die Here gehoorsaamheid ver bo offers ag. Saul se weerspannigheid en eiesinnigheid het van ongehoorsaamheid aan die Here se Woord getuig. Ten diepste is ongehoorsaamheid liefdeloosheid (1 Joh. 5:3.) Saul se liefdeloosheid teenoor die Here het hom in 'n doodloopstraat laat beland. Die Here het Saul verwerp en die koningskap van hom af weggeneem.

Met hierdie openbaringsgeskiedenis bring die Here elke gelowige by selfondersoek: Het ek God lief? Wys ek my liefde vir Hom deur Hom te gehoorsaam soos Hy van my vra? Wie eerlik met hierdie selfondersoek voor God staan, sal besef dat die doodloopstraat van weerspannigheid teen God en eiewillige godsdiens in elkeen se lewe dreig. Dikwels beperk ons byvoorbeeld ons gehoorsaamheid aan God net tot die erediens en ons dankoffer, asof God nie baie meer van elkeen van ons vra nie! Daar is net een manier hoe ons van hierdie doodsdreiging verlos kan word, en dit is deur Jesus Christus! God se Seun het sy Vader ten koste van sy eie lewe gehoorsaam. Jesus se volmaakte gehoorsaamheid het Hom by die kruis gebring. Aan die kruis het Hy ons van die sonde van weerspannigheid en eiewilligheid verlos. Hy het ons deur sy opstanding nuut gemaak. Ek het ook die Heilige Gees ontvang om my te lei om elke dag uit liefde vir God met weerspannigheid en eiewilligheid te breek en alleen na sy se wil te vra. Deur die Gees leef ek 'n lewe van bekering, waar my wil al minder word en God se wil al meer. Deur die Gees volhard ek om God se wil met oorgawe uit te leef in die verwagting dat my lewe volgens sy wil op die ewige hemelse lewe by Hom sal uitloop.

Sing: Psalm 86:1, 3, 6 (1936)

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)

Vrydag 16 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 1:1-17 (OAV)

Fokusgedeelte: Esra 3:2, 8; Matteus 1:12

Sealtiël – Wie se pa nie sy pa was nie en sy seun nie sy seun nie!

In die geslagsregister van Jesus Christus (Matt. 1) word die naam Sealtiël (vs 12) genoem. Sealtiël se naam beteken “*ek het God gevra*”. Hy word genoem die seun van Jegonja en die vader van Serubbabel. So eenvoudig is Sealtiël se geslagslyn egter nie! Die volgende is belangrik om in gedagte te hou:

- Sealtiël was die seun van Assir, die oudste seun van Jegonja (1 Kron. 3:17).
- Die geslagsregister noem hom die seun van Jegonja (Matt. 1:12).
- Die geslagsregister noem hom die vader van Serubbabel, maar in Lukas 3:27 lees ons ook dat Serubbabel genoem word die seun van Sealtiël *en die seun van Nerija, die seun van Melgi*.
- Volgens 1 Kronieke 3:19 was Serubbabel ’n seun van Pedaja en Pedaja was ’n broer van Sealtiël. Hiervolgens was Sealtiël nie die vader van Serubbabel nie, maar die oom.

Sy pa was nie sy pa nie en sy seun was nie sy seun nie? Hoe verstaan ons hierdie geslagslyn dan? Jegonja se seun Sedekia het kinderloos gesterwe. Assir het net ’n dogter nagelaat. Volgens die wet op erfdogters (Num. 27:8; 36:8, 9) het sy met ’n man uit die stam van haar vader getrou. Dit was Nerija, uit die geslag van Natan, die seun van Dawid. Uit hierdie huwelik is gebore: Sealtiël, Malkiriam, Pedaja, Senassar, Jekanija, Hosama en Nedabja. (Hulle was dus kleinseuns van Jegonja.) Sealtiël was die oudste kleinseun, die erfgenaam van sy oupa aan moederskant – dus genoem die seun van Jegonja (1 Kron. 3:17) en seun van Nerija (Luk. 3:27). Sealtiël het egter gesterf sonder om seuns na te laat. Pedaja, sy broer, voltrek die swaershuwelik (Deut. 25:5-10) en verwek by Sealtiël se vrou vir Serubbabel – dus wettiglik die seun van Sealtiël genoem! In Matteus 1:12 lees ons Sealtiël was die seun van Jegonja en die vader van Serubbabel. Net dit. God werk oor geslagte heen. Al maak dit menslik nie vir ons sin nie. Die geboorte van Jesus Christus was so vas bepaal, so ook sy wederkoms. Hy sal nimmer sy verbond vergeet nie. Sealtiël getuig daarvan!

Sing: Psalm 89:17 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)

Saterdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Jesaja 22:15-25 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 22:15, 16

Sebna – die man wat 'n mooi graf uitgekop het

Sebna (*die Here het teruggebring*) was 'n man wat baie moeite met die uitkop van sy grafsteen gedoen het. Dit moes 'n besondere grafsteen gewees het wat Sebna wou hê. Hy het homself as belangrik beskou. Hy was immers in 'n hoë posisie in diens van die koning. Die HERE Here word egter nie beïndruk deur wat ons dink belangrik is nie. Nee wat, hy sal vir Sebna wegslinger, mooi grafsteen of nie. In die plek van Sebna sal hy vir Eljakim gebruik. Eljakim sal deur die Here aange-trek word (beklee word met sy amp) – hy sal in Sebna se plek 'n vaste plek in die huis van die koning inneem. Eljakim sal soos 'n eretron vasstaan.

Doelbewus word in ons gelese gedeelte Eljakim as 'n eretron teen Sebna se mooi uitgekopde graf gestel. Wat het sy mooi grafsteen hom in die sak gebring? Net mooi niks! Die Here doen in ons gelese gedeelte twee dinge:

- Sebna se vernedering word uitgespreek.
- Eljakim se verhoging word uitgespreek.

In sy almag verhef Hy en verneder Hy. Sebna wou sy grafsteen mooi uitgekop *in die hoogte* laat aanbring – tussen konings en hooggeplaastes – dit alles beïndruk die Here nie. Hy sal Sebna verneder en die sleutel van Dawid (simbool van beskikking oor die koningshuis) aan Eljakim gee. Jammer dat Eljakim se familie sy ondergang sou wees. Wanneer Eljakim sy posisie misbruik, dan sal die Here se oordeel hom ook tref. Christus self, as Koning, het vernedering beleef sodat ons nooit deur God verwerp hoef te word nie. Hy het homself verneder ter wille van ons. Ter wille van ons sondes is Hy deurboor, gespot en verneder. Selfs sy kruisopskrif was 'n bespotting, nie die mooi uitgekopde grafsteen van Sebna nie, maar daardeur weet ons dat ons in Hom, deur die werking van die Heilige Gees tot kinders in die Vaderhuis verhef is. Verlostes. Grafstene herinner ons maar net aan ons eie gebrokenheid. Die vraag is of ons in Christus kan sterf?

Sing: Psalm 89:17 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)

Sondag 18 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Genesis 49:13; Rigters 1:30; Matteus 4:12-16

Sebulon – Maak ’n verskil

Sebulon was die tiende seun van Jakob, sy sesde by Lea (Gen. 30:19-20). Jakob het gesê wat met Sebulon se nageslag sal gebeur: “Sebulon sal woon by die strand van die see; en hy sal by die strand van skepe wees, met die sykant na Sidon toe” (Gen. 49:13, OAV). Toe die Israeliete Kanaän ingeval het en die land verdeel is, het Josua die gebied oos van Sidon aan Sebulon toegewys. Sebulon se naam beteken letterlik “woning” of “woonplek”.

In plaas daarvan dat hulle al die Kanaäniete uitroei – soos God beveel het, het hulle hierdie heidene gebruik vir slawe (Rigt. 1:30). Sidon was ’n Feniciëse (Kanaänitiese) hawestad aan die kus van die huidige Libanon. Daar was baie ervare vakmanne wat beeldjies van ivoor, goud en silwer (en óók afgodsbeeldjies van Baäl en Astarte), juweliers- en glasware gemaak en uitgevoer het. Sekularisme (verwêreldliking). Die verleiding van rykdom het Sebulon se mense oorval, en baie van hulle tot sonde verlei.

God was egter die gebiede van Sebulon en Naftali besonder genadig. In ons Here Jesus het God sy Koningsheerskappy op aarde kom sigbaar maak! Die grootste deel van Jesus se lewe het Hy in Galilea (in die gebiede van Sebulon en Naftali) gewoon en gewerk (Matt. 4:13-16). Dáár het die lig vir God se volk deurgebreek (Jes. 8:23 – 9:2). Dáár het Jesus sy eerste preek (Bergrede) gepreek, en baie mense uit die omgewing het na Hom kom luister. Dáár het Hy sy dissipels geroep, en hulle uitgestuur om die evangelie van God se liefde, die wêreld in te dra (Matt. 28:19)!

Jou en my roeping is om in die wêreld ’n merkbare verskil te maak – sout en lig te wees waar ook al God ons geplaas het, sonder om van die wêreld te wees.

Ds. OA (Ockert) Oosthuizen (Windhoek-Suid)

Maandag 19 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Kronieke 36:9-21; 2 Konings 24:18; 25:7

Sedekia – ’n Laaste spyker in die kis: ballingskap!

Sedekia was die laaste koning van die Suid-ryk. Sy naam was Mattanja, seun van die goeie koning Josia – wat alles gedoen het om afgodery onder die volk uit te roei. Nebukadnesar verander sy naam na Sedekia, dit beteken “Die Here is my geregtigheid”. Hy het beslis nie die betekenis van sy naam uitgeleef en God se geregtigheid gesoek nie. Hy was maar 21 toe hy koning het, en hy het 11 jaar in Jerusalem regeer. Vir die Here se stem deur sy profeet Jeremia was hy doof. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en hom nie aan gesag gesteur nie (vs 12-13).

Sy groot sonde was nie die afgodery van Manasse of die heidennasies nie. Eerder passiwiteit. Hy was bang vir sy volksgenote (Jer. 38:19, 24). Hy het neutraal gebly (Jer. 21:2) in godsdienstige sake en kompromieë met die wêreld aangegaan. Die leiers, priesters en die volk se trouelose navolg van die heidennasies het hy oorgesien. Al het hy geweet wat God se wil is, wou hy eerder almal gelukkig hou. Hy het die leuen geglo dat elke mens sy eie keuses moet maak, en dat niemand ’n ander se keuse mag veroordeel nie.

Sedekia was nie warm nie, ook nie koud nie – maar lou! Hy het nie die ruggraat gehad om teen die sonde van sy volk op te staan nie, maar hy was bereid om teen die magtige Nebukadnesar van Babel op te staan. Nie net teen hom nie, maar ook teen die almagtige God! – met die ballingskap as tragiese gevolg (2 Kron. 36:17-21). God het die lou koning Sedekia uit sy mond uitgespoeg! (2 Kon. 25:6; vgl. Op. 3:16).

Die trae stem van Sedekia was die laaste spyker in die kis van die volk na die ballingskap – wat ons tot gehoorsaamheid en aksie oproep! ’n Oproep om eerder soekend te luister na die stem van ons Goeie Herder (Joh. 10), Jesus Christus, die ware geregtigheid!

Ds. OA (Ockert) Oosthuizen (Windhoek-Suid)

Dinsdag 20 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 3:1-13

Fokusgedeelte: Sefanja 3:9

Sefanja, die profeet van onheil en redding

Die profeet Sefanja (*die Here het verberg*) tree op teen die volk van God wat begin dink het dat hulle godsdiens nie meer die moete werd is om te beoefen nie. Dit skilder inderdaad ook die prentjie van ons samelewing vandag. Mense hou bloot nie meer rekening met die Here nie.

Sefanja se boek is tweeledig. Eerstens wil hy die volk daarop wys om nie ligtelik met God om te gaan nie: “Ek gaan ’n einde maak aan alles op aarde, sê die Here” (Sef. 1:2). God hou die wêreld in sy hande en Hy bepaal elkeen se lot. Tweedens wil hy die volk op God se reddende genade wys: “Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak, sodat hulle almal My sal aanroep en soos een man My sal dien” (Sef. 3:9). God wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie. Daarom is God bereid om met elkeen ’n nuwe begin te maak.

God wil my as sondebesmette mens reinig. Waarom? Om Hom met ’n rein hart te kan dien. God se genade reinig en herstel elkeen wat glo. God red ons en herstel ons sodat ons in die regte verhouding met Hom staan. God wil ons herstel tot die oorspronklike bedoeling wat Hy met ons gehad het. Sonder Jesus se genade is ek ’n ellendige mens! Sonder die ware “goeie nuus” van Jesus is ek sonder ’n verhouding met God.

Jesus het genade gegee aan mense wat genade nodig gehad het. Hy het die “goeie nuus” gebring dat daar by God hoop is vir die ellendige mens. Hy gee mense ’n verhouding met Hom.

Sefanja laat die lig op die genade van God val, genade wat vrymaak!

Ds. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)

Woensdag 21 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte: Rigters 19

Pligsversuim lei tot morele en sedelike verval

Dit gaan al hoe slegter met die volk. Hier word vertel van 'n stam van die verbondsvolk wat in hulle stad Gibea net so goddeloos en sedeloos optree soos die mense van Sodom destyds!

Maar waar begin alles? Die oorsaak van Gibea se goddelose optrede begin by die geestelike leiers van Israel wat ontrou geword het. Die verhaal van die Leviet en sy byvrou teken die situasie. Die feit dat sy 'n byvrou is, sê op sigself al iets oor die geestelike leier se ontrou. Hy laat haar vir meer as 'n jaar wegloop na haar pa toe voordat hy iets aan die saak doen. Daar by haar pa doen hy sy plig om haar terug te roep. Haar pa (die wêreld) probeer hom herhaaldelik van sy ampswerk terughou. Uiteindelik vertrek hy. Dit is egter al te laat. Hy vermy die heidense stede om by sy eie mense, die Benjaminiete, te kom. Sy eie mense ag hom nie as gesant van die Here nie. Hulle betoon geen gasvryheid nie. Iemand van buite Gibea, 'n ou man (van die vorige geslag wat nog goed was), betoon gasvryheid.

Die ergste gebeur die nag toe die mense van Gibea sodomie wil beoefen. Hulle tree soos die mense van Sodom in Lot se tyd op! In plaas daarvan dat die Leviet sy byvrou beskerm, stoot hy haar na buite. Sy vrou, sy toekoms, sy nageslag sterf.

As dit die toestand van die geestelike leiers is, gaan die volk ten gronde. Daarom moes Jesus Christus kom om die volk van God te red. Hy lê sy lewe vir sy bruid af (vgl. Ef. 5:21 ev.). As die kerk se herders hulle eie lewe belangriker as dié van die gemeente stel, ly God se volk, sy nageslag, daaronder.

Die kerk moet aan Jesus Christus vasgryp. Hy sal sy bruidskerk nooit in die steek laat nie.

Sing: Psalm 86:1, 6

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)

Donderdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 10:21-32

Fokusgedeelte: Genesis 10:31

Sem – Van sondvloed tot verbondsvolk

Sem, Noag se seun, het die ongelooflike ervaring gehad dat hy die sondvloed oorleef het. Een van slegs agt mense! Hy is gebore in die jare toe lewensjare baie was, toe sy pa reeds 500 jaar oud was. Letterlik beteken Sem “gevierde naam”. Hy sou ’n beroemde man word. Ná die sondvloed het Sem en sy broer Jafet hulle dronk pa se naakte liggaam toegegooi. Daarvoor is hulle deur hulle pa geseën, terwyl Gam se nageslag vervloek is.

Die seën word in die volkeregeskiedenis vervul. In sy nageslag was besondere mense deur wie God Homself bekendgemaak het. Sy nageslag sou Hebreërs genoem word, kinders van Heber (vs 21, 24). Uit Sem, die beroemde, sou deur God se genade stamme met eie tale en lande, asook nasies groei (vs 31). ’n Nuwe geboorte van die mensdom ná die uitwissing deur die sondvloed. Ná die taalverwarring by die tooring van Babel versprei sy nageslag oor die aarde.

Die seën van God strek egter verder, want Heber word die grootvader van Tera, die vader van Abram, wat deur God Abraham genoem word (1 Kron. 1:24-27). So word uit Sem, deur Abraham se nageslag, die uitverkore volk van God gevorm. In God se raadsplan groei die volke en nasies ná die sondvloed en Babel tot ’n menigte. Van die begin af is twee lyne sigbaar, Sem se nageslag en Kanaän (seun van Gam) s’n. Begenadigde verbondskinders aan die een kant, andersyds afgodsdienaars.

Verrassend duik die naam van Sem as net een van baie ander in die geslagsregister van Jesus op (Luk. 3:36). Sem, die beroemde, se naam word minder. Die eintlike Naam is Jesus, die enigste deur Wie daar verlossing moontlik is (Hand. 4:12).

So loop die lyn van genade van die sondvloed deur die verbondsvolk tot by die nuwe verbond in Jesus Christus.

Sing: Psalm 105-1:5

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)

Vrydag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 38:12-30

Fokusgedeelte: Genesis 38:29

Serag – Die buite-egtelike kind wie se nageslag nie verwerp is nie

Wat 'n hartseer geskiedenis! Ons kry dit ook in ons gemeentes en families – 'n verhouding tussen ongetroude persone wat op 'n swangerskap uitloop. En wat dan van die baba? Moet die ma die kind alleen grootmaak, of 'n “moet-troue”, sal ouma kan help – of aanneming? Traumaties in die meeste gevalle.

In Genesis 38 word die sonde van Juda en Tamar nie weggesteek nie. Tog spreek God se genade in die verdere geskiedenis van die nageslag – ja, tot by Jesus Christus! Juda sondig liefdeloos en selfsugtig teenoor sy skoondogter Tamar. Selfs sy seun Onan tree liefdeloos op en verhoed dat Tamar swanger word. Die uitspraak is duidelik: *“Dit was verkeerd in die oë van die Here ...”* (38:9-10). Uit vrees dat sy jongste seun sal sterf, weerhou Juda vir Sela om vir haar 'n nageslag te verwek (38:11, 14).

Tamar sondig weer deur haar as prostituut te vermom en haar skoonpa te verlei. Haar geslepe plan bring swangerskap. 'n Tweeling word gebore, Peres en Serag. Serag is eintlik 'n betekenislose naam, wat net verwys na die rooi garing om sy hand met geboorte. Deur hierdie optrede van Tamar bring die Here tog versoening tussen hulle. Juda erken sy sonde, sy leef daarna kuis.

En Serag, die onwelkome vaderlose kind, se nageslag? In die geglagsregister van Jesus (Matt. 1:3) word Serag en sy tweelingbroer Peres se name genoem. Genade van die Almagtige oor die sondige optrede van Juda en Tamar, dat die kinders se name nie verswyg word wanneer die Seun van God mens word nie.

Wat leer ons hieruit? Sonde word nie verberg nie, maar oopgeplek, sodat daar met God en ander partye versoening kan kom. Buite-egtelike kinders moet nie vanweë ouers se sonde verwerp word nie. Selfs hulle kan in die verbondsgeslag van die Here hulle plek vind.

Sing: Psalm 25-1:2

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)

Saterdag 24 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 13:6-12

Fokusgedeelte: Handeling 13:9, 12

Sergius Paulus – Deur sy Gees wek hulle woorde lewe

Die eiland Siprus was 'n Romeinse imperiale provinsie onder beheer van die Romeinse Senaat en die bestuur van die Romeinse goewerneur, Sergius Paulus. Lukas meld dat hy 'n verstandige man was, en as sodanig was hy gretig om meer oor God te leer. Daarom is daar in sy diens die Jood genaamd Barjesus, wat homself as 'n profeet van God voorgedoen het. Sy Griekse naam, Elimas, wat towenaar beteken, openbaar egter sy ware kleure. Geen wonder daarom dat hy alles in sy vermoë doen om die ware evangelie, waarvan Barnabas en Paulus die draers is, teen te staan nie. Sy eie selfsugtige oorwegings word instrument in die hande van die duiwel.

Alhoewel die evangelie van Jesus Christus deur 'n mens (Paulus) verkondig word, word dit deur die Heilige Gees bekragtig. Ons weet dat Paulus die Heilige Gees ontvang het toe Ananias hom die hande opgelê het; ons weet ook dat dit dieselfde Gees is wat hom uitgestuur het, maar nou lees ons vir die eerste keer dat hy met die Heilige Gees vervul word. Die resultaat hiervan is dat Elimas se teenstand misluk en die waarheid van die evangelie sodanig bevestig word dat Sergius tot geloof kom.

Hierdie gebeure laat my onwillekeurig dink aan Jesus se opdrag aan sy dissipels, naamlik dat hulle eers in Jerusalem moes wag totdat die Heilige Gees uitgestort word. Die Heilige Gees gee die vrymoedigheid, die toerusting en die krag om waarlik missionaal te wees! Jou en my mond behoort soos dié van Paulus die evangelie die wêreld in te dra.

Dalk huiwer jy omdat ons met soveel bewondering na Paulus kyk en teenoor hom uiters minderwaardig en onbekwaam voel. Kyk dan verby Paulus en sien die krag van die Heilige Gees raak. God spreek deur mense ... en deur die krag van sy Gees wek hulle woorde ware lewe!

Sing: Skrifberyming 14-1:1

Ds. D (Dirk) Pansegrouw (Hoëveld)

Sondag 25 Oktober

Skrifgedeelte: Sagaria 4:1-7

Fokusgedeelte: Sagaria 4:6

Serubbabel vertrou: Die Gees bring alles tot stand!

In Sagaria praat die Gees met teleurgestelde mense. Mense wat ervaar dat hulle lewe of die lewe van hulle geliefdes nie volgens plan verloop nie. Mense wat in die kerk, die land, die lewe teleurgestel is ...

Alhoewel die toestand van Juda verbeter het en hulle onder die uifers toegeeflike beleid van Sirus na Jerusalem kon terugkeer en selfs met staatshulp die tempel kon begin herbou, het dinge maar net nie lekker verloop nie. Die spanning met Samaria het bly toeneem en die werk aan die tempel het helaas tot stilstand gekom. Nou was die taak op die skouers van Serubbabel om die tempel te voltooi. Hy moes opnuut dit wat onbereikbaar was, aanpak. Daarom bemoedig en versterk die Gees hom deur hierdie visioen.

Die goue kandelaar met sy 49 ligpunte is die simboliese teenwoordigheid van God by sy volk. Hierdie kandelaar, met sy baie ligpunte, was bykans onuitblusbaar en moes besonder helder geskyn het. Terselfdertyd is dit van duursame goud gemaak, terwyl die sewe maal sewe op volmaaktheid dui. Simbolies toon dit aan Serubbabel dat die Here se teenwoordigheid lig in die donker bring. Waar alles donker en teleurstellend vertoon, sal die lig van sy genade weer skyn. Christus is die Lig vir die wêreld wat gekom het. Menslike vermoë en krag kan nie verlossing of herlewing bewerk nie. Geen menslike (omkeer)strategie kan lewenskragtige kerke skep nie.

Die einde van ons krag is egter nie die einde van ons hoop nie: *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.* Te midde van enige teleurstelling kan ek en jy hierdie woorde vasgryp. Die einde van ons vermoë is dikwels die begin van die openbaring van God se krag. Wie waarlik op God vertrou, sal nimmer teleurgestel word nie.

Sing: Psalm 42:3 (1936)

Ds. D (Dirk) Pansegrouw (Hoëveld)

Maandag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 4:25 – 5:8

Fokusgedeelte: Genesis 4:25

Set – God gee in sy genade 'n kind in Abel se plek

Ons sien in Genesis 4 die uitkringende en verderwende invloed van die sonde. Die verhouding van die mens tot God word aangetas – die mens kruip weg. Ook die verhouding tussen Adam en Eva, hulle slinger verwyte rond, selfs teenoor God. Die voortgang van die sonde bereik 'n laagtepunt wanneer Kain sy broer Abel doodslaan. Dit is 'n oorwinning vir die duiwel, want hoe kan die Verlosser van die moederbelofte (3:15) dan uit Kain kom?

God is egter getrou. Eva gee geboorte aan 'n seuntjie en noem hom Set (*plaasvervanger*). Dit word aanvaar dat die naam van die werkwoord kom wat beteken “om iets in die plek van iets anders te stel”. Dieselfde woord word in 'n gedeelte soos Eksodus 21:34 gebruik, waar onder andere bepaal word dat 'n eenaar geldelik of andersins vergoed moet word deur die persoon wat die dood van sy bees of donkie veroorsaak het. Die naam Set is dus van 'n regsterm afgelei!

Set is daarmee 'n tipe van Christus. “Tipe” beteken afdrukkel of afbeelding van iets groters. God gee in sy genade in die plek van Abel vir Eva 'n seuntjie (Set) en herstel so die verbondslyn. Uit die nageslag van Set word die Verlosser gebore. Set se naam kom voor in die slagsregister van Jesus in Lukas 3:38.

Soos God in sy genade Set in die plek van Abel gegee het, het Hy in sy groot genade sy eie Seun, Jesus Christus, in ons plek gegee. Hy het al ons sondes op Hom geneem en in ons plek in die beskuldigdebank gaan staan. Hy word die Skuldige in ons plek, Hy stort sy kosbare bloed aan die kruis as volkome vergoeding vir al ons sondes en ons word vrygespreek en ontvang die ewige lewe. Dit bring ons tot dankbare aanroeping van die Naam van die Here.

Sing: Psalm 95:1, 4 (1936)

Ds. AL (Abri) Pelsler (Bethlehem)

Dinsdag 27 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Samuel 9:1-13; 16:1-4; 19:24-30

Fokusgedeelte: 2 Samuel 16:1-4

Siba, geen ware rentmeester nie!

Siba was aanvanklik in diens van koning Saul. Hy was 'n opsigter of rentmeester. 'n Rentmeester was iemand wat met groot noukeurigheid iemand anders se besittings en geld bestuur het.

Siba se lewensverhaal vertel egter die teendeel. Hy is deur gierigheid en selfsug gedryf om meer en meer vir homself in te palm. Koning Dawid het vir Siba aangestel om na Saul se gebrekklike kleinseun, Mefiboset, om te sien en sy belange te bestuur (hfst. 9). Wanneer Dawid tydens Absalom se opstand uit Jerusalem vlug, ontmoet hy onverwags vir Siba met kosvoorrade (hfst. 16). Dit lyk egter asof dit nie so "onverwags" was nie. Siba het dit so beplan: eerstens om Dawid se goeie guns daardeur te wen, en ook om die geleentheid te kry om sy baas te beskinder en by Dawid van ontrouheid te beskuldig. Met die leuens probeer hy 'n houvas op Mefiboset se besittings kry.

Dawid reageer presies soos Siba gehoop het en gee al Mefiboset se besittings aan hom. Wanneer Dawid uiteindelik na Jerusalem terugkeer (hfst. 19), verseker Mefiboset hom van sy lojaliteit. Dit is duidelik dat Siba leuens aan Dawid vertel het. Dit lyk asof Dawid nie oortuig is nie, want hy gee opdrag dat Mefiboset en Siba die grond moet deel.

Die geskiedenis van Siba leer ons hoe ons nie as rentmeesters van die Here mag optree nie. As rentmeesters van die Here besit ons niks as ons eie nie. Alles behoort aan Hom. Die Here vertrou egter sekere goed aan ons toe wat ons moet bestuur. Dit moet ons getrou doen, sodat ons ook ander kan help wat behoefte is.

Ware rykdom is om as getroue rentmeesters ryk in Christus te wees. Hy het hoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword, sodat ons deur sy armoede ryk kon word (2 Kor. 8:9).

Sing: Psalm 4:3, 4 (1936)

Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)

Woensdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 18:1-17

Fokusgedeelte: Handeling 18:5

Silas, die getroue medewerker

Paulus het die wêreldse stad Korinte as 'n baie harde werkplek beleef. Hy spook maande om die Jode in die sinagoge te kersten, sonder om een bekeerling te kan uitwys. Sy werk loop dood teen 'n muur van ongelooft – die ervaring van baie sendelinge.

Tydens hierdie bittere stryd om die evangelie aan die Jode te bring, kom Silas en Timoteus van Masedonië af met goeie nuus van die gemeentes Filippi en Tessalonika se volharding. Hulle bring waarskynlik ook geldelike bydraes vir Paulus se lewensonderhoud saam (Fil. 4:15). Nou kon hy volstoom en ongehinderd sy volle aandag aan die prediking gee en die Jode probeer oortuig.

Let egter op wie is hierdie manne wat Paulus kom ondersteun. Timoteus, die dominee van Efese en sy geestelike kind, asook Silas, sy getroue ou vriend en een van sy beste medewerkers. Hy reis saam met Paulus op die tweede sendingreis toe Paulus met Markus stry gekry het en geweier het om hom saam te neem. Hy was saam met Paulus in Filippi in die gevangenis. Daar het hulle met stukkende lywe in die tronklieder begin sing. Silas was Paulus se medewerker toe die tronkbewaarder tot bekering gekom het. Beide hierdie twee manne was stil, getroue manne wat hulle eer daarin gestel het om Paulus in sy dienswerk te help in die uitdra van die evangelie. Veral Silas. As Paulus dan so aangeveg word deur die Jode, stuur die Here vir Silas om Paulus te bemoedig sodat hy hom voltyds, vurig daarop kon toelê om die evangelie onder die Jode te verkondig en die verlossingswerk van Christus kan voortgaan.

Wat ons moet besef, is dat die Here Jesus dikwels aan sy kerk mense gee wat nie in die openbaar met groot vertoon en woorde optree om die evangelie te verkondig nie, maar dikwels manne, vroue en kinders gee wat maar net getrou byderhand is om te bid, te ondersteun en te dra sodat die dominee of evangelisasiekomitee of wie ook al die evangelie moet versprei, genoegsame ondersteuning het. Hierdie manne en vroue is net so belangrik in die kerk soos dié wat die evangelie vir mense moet bring. Dis die man wat in stilheid altyd daar is om die kombi te bestuur as daar uitgereik word met die evangelie onder mense. Dis die

vrou wat altyd aanbied om die kos te maak as die uitreikspan van huis tot huis die evangelie aan mense bring.

Sonder die stil, maar getroue ondersteuners en medewerkers in die kerk, kan die predikers nie preek nie. Jou stil, maar getroue dienswerk is onontbeerlik in God se koninkryk.

Sing: Skrifberyming 14-1:1

Ds. TJ (Theunis) Potgieter (Port Elizabeth)

Donderdag 29 Oktober

Skrifgedeelte: Genesis 29:31 – 30:13

Fokusgedeelte: Genesis 29:9-13

Silpa, die slavin

Ons ontmoet hier twee jaloerse sussies: Ragel en Lea. Ragel is jaloers op Lea omdat sy nie kinders kan hê nie; Lea was weer jaloers op Ragel omdat Jakob Ragel liefgehad het en nie vir haar nie.

In die hele stryd om Jakob se liefde vir haar te wen, het Lea telkens gehoop dat kinders haar man vir haar sal lief maak. Na vier seuns deur Lea bly Jakob se hart egter aan Ragel verpand. Toe Ragel boonop haar slavin Bilha aan Jakob gee om vir haar kinders te verwek, laat Lea nie op haar wag nie. Sy volg dieselfde suksesresep en gee haar slavin Silpa ook as vrou vir Jakob. Blykbaar is vier seuns nie genoeg om Jakob se guns te wen nie. Daarom wil sy dit deur nog meer kinders doen. Silpa gee vir Lea nog twee seuns – Gad en Aser. Beide seunsname het die betekenis om gelukkig te wees. Hierdie kinders sal haar gelukkig maak in Jakob se liefde vir haar. Helaas, dit gebeur nie. Ook hierdie seuns sou haar stukkende huwelikslewe nie regruk nie. Laat ons dit maar besef, om nog 'n kind te hê, ruk nie stukkende huwelike reg nie.

In hierdie hele huweliksonmin tussen Lea en Ragel wonder 'n mens wat word van Lea se slavin, Silpa? Sy is in die geveg maar net 'n gebruiksartikel, 'n blote slaaf, 'n besitting wat gehiet en gebied kan word. Tog gee die Here ook ag op slawe soos Silpa. Hoewel ons niks verder van Silpa lees in die Bybel nie, lees ons van haar kinders. Hy sorg ook dat Gad en Aser in die verbond opgeneem word. Ons lees ook van die stamme Gad en Aser in Openbaring 7:5, 6 as verseëlde uit die volk Israel. Ook die slavin Silpa se kinders word kinders van God.

Dit voel dikwels vir 'n mens asof jy in 'n tuimeldroër is waar jy na willekeur deur die grille en giere van mense rondgeskud word. Jy moet slaafs dinge doen, jy is blootgestel aan 'n slaafse ritme wat oor jou spoel. Jou identiteit en integriteit lei skade. Jy weet nie of God ooit eers notisie van jou neem nie. Tog sien die Here jou nood ook raak. Hy maak sy Seun 'n slaaf om jou te kom verlos van die slaafse lewe waar jy net 'n gebruiksartikel was. Toe jy oorgegee was aan die grille en liste van jou baas, Satan. Sy bloed betaal vir slaafse bande wat ons na willekeur rondgetuimel het. Hy maak ons nuut.

Skryf die naam “kind” oor jou lewe. Hy maak jou heerlik om nou gewillig as sy kind te lewe. By God kom Gad en Aser tuis. By God kry slavinne en hulle kinders hulle geluk en vryheid terug!

Sing: Psalm 128:3 (1936)

Ds. TJ (Theunis) Potgieter (Port Elizabeth)

Vrydag 30 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Samuel 16:5-14 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 16:7-10

Simeï herinner aan die vloek wat op die mens rus vanweë wetsoortreding

Simeï, 'n bloedverwant van Saul, het Dawid verkeerdelik vir die ondergang en dood van koning Saul verantwoordelik gehou. As Simeï Dawid dan onregmatig daarvoor vloek, neem hy nie wraak op Simeï en laat hom stilmaak nie, sy reaksie is: "Laat hom staan, dat hy vloek, want die HERE het hom dit beveel" (vs 11).

Dawid bedoel nie dat die Here Simeï direk tot so iets opdrag gegee het nie, maar dat die Here hom wel toelaat om hierdie sonde teen die koning te pleeg. Dawid het goed besef dat al was hy onskuldig aan dit waaroor Simeï hom vloek, hy skuldig was aan baie ander oortredinge van God se gebooie waarmee hy die vloek van die wet oor homself gebring het (Deut. 27:26). Daarom is sy bede: "Miskien sal die Here my ellende aansien en my goed vergeld vir die vloek wat my vandag tref."

Dawid vra dit nie asof hy iets sou verdien het deur die onregmatige vloek van Simeï nie, maar omdat hy op God se barmhartigheid vertrou het. God se barmhartigheid oor Dawid en ons was baie groot. Sy Seun, by Wie daar nie die geringste oortreding van sy gebooie was nie, het onskuldig die vloek van die wet wat op ons vanweë ons wetsoortreding gerus het, gedra (HK So 15, v/a 39). Hy het dié wat Hom onskuldig gekruisig het, nie gevloek nie, maar vir hulle gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Christus, wat onskuldig en geheel en al sondeloos was, het toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel nie, toe Hy gely het, nie gedreig nie, maar dit oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel. Hy het vir ons 'n voorbeeld nagelaat: dat ons wat deur Hom van die vloek van die wet verlos is, in sy voetstappe kan volg (1 Pet. 2:21-24).

As mense ons vals beskuldig en uitskel, soos Simeï vir Dawid, moet ons deur die Gees se werking ook hierin die beeld van Christus vertoon en nie harder terugskel en vloek nie, maar soos Dawid dit aan God oorlaat om regverdig te oordeel en ons barmhartig te wees.

Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)

Saterdag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 2:25-35 (OAV)

Fokusgedeelte: Lukas 2:27-32

God verkondig deur Simeon die enigste troos in lewe en sterwe

Die vroom Ou-Testamentiese gelowiges het die vertroosting van Israel, die Christus, verwag. Toe Hy, die Lig, gebore is, was die volk egter so verdorwe en verduister dat hulle Hom nie as Christus herken het nie, wyse manne uit die ooste moes Hom eer. Toe sy ouers by die tempel volgens die wet met Hom gaan handel, sien die dienaars in die Vader se huis Hom ook nie as Seun van God nie, net as maar nog 'n kind wat volgens die wet voorgestel word.

Ondanks hierdie duisternis en verdorwenheid was daar 'n regverdige en vroom man in Israel, Simeon (*verhoring*), wat die vertroosting van Israel verwag het. Die Here het hom aangewys om sy Seun in die tempel te ontvang. Simeon het deur die Heilige Gees se werking aan God se Woord vasgehou, daarom sien hy nie maar net nog 'n kind wat in sy arms lê nie, hy sien in Hom die vervulling van al God se beloftes van verlossing. As die kind Christus aan die seremoniële wette van God die Vader onderwerp word, sien Simeon Hom wat die wet in sy kinders se plek volkome kom onderhou het. Hy verkondig Hom as die heil wat God in Jesaja 52:10 vir die nasies aangekondig het.

Simeon het die vertroosting van Israel aanskou, daarom vrees hy ook nie die dood nie, maar kon hy getroos in vrede sterf. Hy was nou deur die Gees verseker van sy redding omdat die Redder gebore is.

Ons leef ook in 'n wêreld waar die meerderheid geen verwagting van Christus het nie, omdat hulle nie meer hulle sonde ken en die Woord glo nie. Daarom is dit vir die mensdom 'n donker, troostelose, verdorwe wêreld waar sonde hoogty vier. Tog hoef ons nooit troosteloos te wees nie, in die geloof moet ons aan die Woord vashou en deur die Gees altyd die heil sien wat God vir ons in Christus berei het. Ons moet ook die volkome vertroosting met die wederkoms verwag. Ons moet die heil en hoop in Christus, die Lig, ook aan 'n troostelose wêreld verkondig.

Die enigste troos in lewe en sterwe is immers dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Salig-maker Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel ver-

los. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my kop kan val nie. Hy verseker my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak my gewillig om vir Hom te leef.

Sing: Skrifberyming 4-7:1, 2

Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)